LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT

Graad een Akademiese kwartaalprogram (yskasbrief)

Tema: Prentekaarte

Geagte Ouers

Maak asseblief seker dat u op hoogte bly deur die yskasbrief. Ons doen deurlopende assessering. Ons versoek dat u kind asseblief nie afwesig sal wees nie. Die skool kom vanaf **9 November om 12:00 uit.** Tref asseblief die nodige reëlings met naskole. Die merietefunksie vind plaas op
26 November om 8:00 in die saal. Slegs **twee** gaste per leerder sal toegelaat word. Daar sal parkering op die rugbyveld wees. Verdere inligting sal volg.

Die graad een uitstappie na Rooihuiskraal Kinderplaas vind **Vrydag 30 Oktober** plaas. As dit moontlik is, kan u kind groente, blare, brood en sade vir die diere saamneem. Sit dit asb in 'n plastieksak. Daar is nie 'n snoepie nie, dus moet die leerders hulle eie kos in 'n gemerkte kosblik saamneem. Ons maak gebruik van busvervoer en sal voor 13:00 terug wees by die skool. Smeer asb sonskerm aan by die huis. Die leerders trek hul geleentheidshemp en tekkies aan, daar is dorings. Goeie maniere is belangrik om die dag vir almal aangenaam te maak. Kinders moet streng by die reëls hou vir eie veiligheid. Verdere inligting sal volg.

Leipie Liggiefees vind op **2 en 3 November** plaas vanaf 18:30 – 20:00. Ons skoolterrein verander in 'n fees van liggies en Leipiekuns. Bring asseblief blikkieskos/nie bederfbare produkte wat dien as u toegangsfooi.

Week 1: 19 - 23 Oktober

- Huiswerk word Maandag uitgedeel. Merk dit asseblief en handig Vrydag in.
- Afrikaans en Engelse speltoetse word Vrydag geskryf.
- ***Assessering vind deurlopend plaas.***
- **Afrikaans:**
  - Spelling: **deur, geur, beur, leun, reun, neus, reus, seun, neut, geut**
  - Leeskaart in die huiswerkboekie word elke dag geoefen.
  - **eu-** klank: Woorde en sinne.
  - Hersien **ui en ou** klanke.
  - Mila Mier word klassikaal gelees.
  - Woordboulêer brief 16.
  - Oefen sinne: Verlede tyd.
  - Meervoude
  - ***Rympie: Ek ry in my rooi motortjie.***
  - Luister na die storie en beantwoord vrae daaroor.
- **Engels:**
  - Spelling: **hen, ten, pen, men, Ben**
  - Identify initial sounds.
  - ***Letterland: Eddy Elephant.***
  - Follow instructions.

- **Wiskunde:**
  - Getal 18
  - Getalpatrone (Tel in ewe, onewe, 5'e en 10'e tot 100.)
  - Optel en aftrek, verdubbel en halveer.
  - Vorms

- Getalkombinasies 1-18.
- Massa (lig en swaar)
- Dae van die week, kalender.

♥ **Lewensvaardigheid:**
- Inligtingsborde, padtekens ens. word bespreek.
- Kuns: Ontwerp jou eie roetekaart van die skool.




Maak jou brein slimmer:

Visuele geheue:
Gebruik die gegewe lyn sketse of kies jou eie eenvoudige prente wat u kind kan teken. Letters, syfers of woorde kan ook gebruik word. Teken die nodige blokke op wit papier.

Gee 'n telling tot by 10 of 20 afhangende van u kind en kyk hoe baie sketse die leerder kan onthou. Oefen die tipe lyne vooraf vir 'n ekstra aktiwiteit wat aan fyn motories werk.

Alternatief kan u die sketse op 'n muur sit. Twee mense speel saam en moet hardloop kyk na die papier en dan terug hardloop om te teken wat hulle kan onthou. Die persoon wat eerste alles op die regte plek teken wen.



Week 2: 26 - 30 Oktober

- Huiswerk word Maandag uitgedeel. Merk dit asseblief en handig Vrydag in.
- Afrikaans en Engelse speltoetse word Vrydag voor die bus vertrek, geskryf.
- Maak asseblief seker u kind se vrywaringsvorm is ingevul en al die nodige afskrifte is by u kind se onderwyser.
- ***Assessering vind deurlopend plaas.***
- **Afrikaans:**
  - Spelling: **trein, klein, klei, vlei, brei, reis, vleis, rein, seil, eier**
  - **ei-** klank: Woorde en sinne.
  - Hersien **i, l en e** klanke.
  - Oefen sinne: Verlede- en teenwoordige tyd.
  - ***Rympie: Oom Robot.***
  - Skriftelike werk en lees.
  - Mila Mier word klassikaal gelees.
  - Skryf 'n storie wat uit 3 sinne bestaan. Die storie moet 'n begin, middel en einde bevat.
- **Engels:**
  - Speltoets: **he, she, me, is, are**
  - ***Letterland: Jumping Jim***
  - Answer simple questions and make plurals with words.
- **Wiskunde:**
  - Getal 19
  - 1 - 19 Getalkombinasies
  - Getalbewerkings
  - Verdubbel en halveer
  - Vorms
  - Woordprobleme
  - Massa
  - Dae van die week, kalender.
  - Meting, ruimte en vorm en datahantering.
- **Lewensvaardigheid:**
  - Bespreek padtekens.
  - Teken padtekens.
  - Kuns: Maak jou eie prentekaart.



Maak jou brein slimmer:

Ouditiewe geheue:

Maak 'n lys van 5 woorde wat u kind maklik kan onthou. Sê die woorde stadig met 'n kort breuk tussen elke woord. U kind moet probeer om al 5 woorde in volgorde te herhaal. Maak die woorde meer of minder soos nodig.

Groete

Graad een personeel